



Dr. G. D. Scholtz

DIE WORTELS VAN ONS REPUBLIKEINSE BEGINSELS

DR. G. D. SCHOLTZ

Die taak om oor die wortels van die republikeinse beginsels van die Afrikaner te skryf, laat onmiddellik 'n vraag ontstaan waaroor daar eers helderheid verkry moet word voordat daar verder gegaan kan word. Die vraag is wat onder die woord „republiek” verstaan moet word. Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* definieer die woord as volg: „Regeringsvorm waarby, (staat waarin) die opperpesag berus by die stemgeregtigde burgers en hulle verteenwoordigers met aan die hoof 'n president”. Hierdie omskrywing van 'n republiek slaan heel duidelik slegs op die posisie soos dit vandag is, want dit is maar sedert die stigting van die Amerikaanse republiek in die agtiende eeu dat 'n president aan die hoof daarvan staan. Van Dale se *Groot Woordenboek der Nederlandse Taal* gee die volgende definisie van die woord: „Staat waar het staatshoofd niet een vorst is, maar het hoogste gezag bij een of eenige personen berust”.

Hierdie laaste omskrywing neem ook die verlede in ag. 'n Republiek voor die agtiende eeu was 'n staat wat nie geregeer is deur 'n koning of vors wat sy posisie geërf het nie. Aan die hoof van die republiek het 'n persoon of liggaam gestaan wat met allerlei politieke magte beklee was en wat op die een of ander manier deur die volk of sy verteenwoordigers aangewys is. Republieke behoort dan ook tot die oudste staatsvorme wat die Westerse kultuur en beskawing ken. Die meeste van die Griekse stadstate was republieke en ook Rome was eeu lank 'n republiek. In die Middeleeue was die Italiaanse stad Venesië wat so 'n belangrike politieke en ekonomiese rol gespeel het, 'n republiek. Namate die Switserse stede ook daarin geslaag het om hulle van die Heilige Romeinse Ryk los te maak, het hulle ook die republikeinse staatsvorm aanvaar.

Dit was derhalwe geen uitsonderlike stap nie, toe die Nederlandse state of provinsies, nadat hulle op 22 Julie 1581 gehoorsaamheid aan die Spaanse koning Filips II opgesê het, besluit het om 'n republiek te word. Dit was hierdie gebeurtenis wat later veroorsaak het dat die jong volk wat op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het, deurgaans aan die republikeinse bestuursvorm die voorkeur gegee het. Die monargale bestuursvorm was nooit deel van die Afrikaanse politieke tradisie nie.

Die Nederlandse republiek wat tydens die bekende Tagtigjarige Oorlog tot stand gekom het, was gegrond op sekere politieke beginsels wat hul oorsprong ver in die verlede gehad het. Hierdie verlede moet ook as deel van die geestesgoedere van die Afrikaner beskou word.

Nederland het in die eerste paar eeue na die geboorte van Christus die woonplek van drie Germaanse stamme geword: Die Franke, die Saksers en die Friese. Dit het al dadelik verskillende gevolge gehad. In die eerste plaas sou dit op die duur ook meebring dat Suid-Afrika deur 'n bepaalde deel van die blanke ras bevolk sou word, d.w.s. Germane uit Noordwes-Europa. In die tweede plaas het dit veroorsaak dat daar 'n bepaalde taal, Afrikaans, in Suid-Afrika sou ontstaan. Nederlands waaruit Afrikaans gegroei het, was op sy beurt 'n verdere ontwikkeling van die Wes-Germaanse tale. Hierdie ontwikkeling het enige eeue lank geduur. In die derde plaas het die betrokke Germaanse stamme ook 'n gewoontereg gehad. Hierdie gewoontereg sou op Nederlandse bodem ook 'n lang ontwikkelingsgang hê. Namate die Germane nie meer rondgetrek het nie, maar vaste woonplekke ingeneem het, het hulle ook stede en dorpe gestig en het hul bedrywighesteeds meer terreine van die lewe gedek. Dit het vanselfsprekend allerlei nuwe regsrae laat ontstaan. Daarvoor moes dan nuwe beginsels gevind word en so het die regstelsel voortdurend gegroei.

Ook die Germane wat hulle in die gebied gaan vestig het wat vandag as Nederland bekend staan, het op die duur met die Christendom in aanraking gekom. Dit was 'n langsame proses, maar danksy die ywer en belangstelling van verskillende sendelinge wat hulle daar gaan vestig het, kon daar met die kerstening van die Germane steeds vordering gemaak word. Hierdie kerstening was ook vanselfsprekend 'n beskawingsproses. Hoe meer die Germane onder die invloed van die Christendom gekom het, hoe meer het hulle van hul heidense en onbeskaafde lewenswyse afgesien. Uit die Franke, die Saksers en die Friese het so op die duur die Christelike en die beskaafde Nederlandse volk te voorskyn getree.

Hierdie volk sou ook 'n eie kultuur ontwikkel. Dit was 'n kultuur wat eintlik tussen die Franse en die Duitse kulture opgegroeï het. In vergelyking met die twee buurvolke was die Nederlandse volk maar per tog in getalsterkte en dit het telkemale beïnvloeding veroorsaak. Hoopkens het die Nederlanders daarin geslaag om hul kultuur te handhaaf en dit voortdurend sterker te maak.

I

Twee gebeurtenisse wat in intieme verband met mekaar gestaan het, sou die lotgevalle van die klein Nederlandse volk ten diepste beïnvloed. Sonder hierdie beïnvloeding is dit in die hoogste mate twyfelagtig of daar ooit 'n Afrikaanse volk sou ontstaan het. Daarom sal dit nodig wees om hierdie twee gebeurtenisse enigszins breedvoerig te bespreek.

Die eerste was die Hervorming wat in 1517 begin het as die werk van die monnik Maarten Luther in Duitsland. Hoewel sy optrede nouliks oorskot kan word, was dit tog nie hy wat invloed op die Nederlandse volk uitgeoefen het nie, maar wel die Fransman Johannes Calvin wat hom in Genève, Switserland, gaan vestig het waar hy deur middel van sy groot werk die *Institusie* grootliks gehelp het om die Hervorming in 'n bepaalde rigting te stuur. Hoewel die boek met 'n anwag godsdienstige motief geskryf is, het dit op die politiek ook 'n uitwerking gehad. Calvin en sy navolgers het die Bybel as die Woord van God aanvaar en daarop hul godsdienbeginnsels gebaseer. Twee van hierdie beginnsels sou vir die politiek ook groot betekenis hê. Hulle was die soewereiniteit van God en die uitverkiesingsleer. Die Calviniste, soos hulle bekend staan, het aanvaar dat God soewerein van die skepping is en dat niks sonder Sy wil kon geskied nie. As sodanig was die mens onvoorwaardelike gehoorsaamheid verpligtig aan die wette van God soos in die Bybel geopenbaar. Calvin het in bogenoemde werk geleer dat God in Sy ewige raadsbesluit bepaal het wat die lot van elke mens sou wees. Hy het geskryf dat „vir sommige word die ewige lewe, vir ander die ewige verdoemenis voorverordineer”.

Hierdie twee leerstellings het die lewe van die Calviniste beheers. Dit het by hulle die besef gewek dat God groter en magtiger is as enige vyand en dat wie deur God uitverkore was, niks hoef te vrees nie. Van die krag wat daar op hierdie wyse van die Calvinisme uitgegaan het, is deur C. J. Langenhoven as volg getuig: „Whatever may be urged philosophically against the theological speculations

of Calvin, the creed he taught makes the sort of men that will go through the fire or the mire, undaunted by the one, undefiled by the other”.

Die omstandighede in Europa gedurende die sestiende eeu was sodanig dat die Calviniste in die verskillende lande hulle op alle terreine van die lewe moes begeef. Hiervan was die politiek een van die vernaamste. Met die oog op wat met die Afrikaanse volk sou gebeur, is dit van betekenis om enkele woorde aan hierdie saak te wy. Calvyn het in die republikeinse stad Genève gewoon. Vir hom was dit derhalwe heeltemal natuurlik om te verklaar: „Ek kom daarvoor uit dat die republikeinse regeringsvorm, hetsy dan suiwer aristokraties, hetsy uit aristokratiese en demokratiese elemente, vir my verreweg verkieslik lyk”. Dit is dan ook opmerklik dat die Calviniste — in Nederland, Brittanje, in Amerika en in Suid-Afrika — ’n besondere voorliefde vir die republikeinse bestuursvorm geopenbaar het.

Vir Calvyn en ander manne wat die Calvinisme toegedaan was, was een van die belangrikste politieke vraagstukke wat die verhouding tussen owerheid en onderdaan behoort te wees. Die sestiende eeu was die tydperk van die vorstelike absolutisme. Al die politieke mag was in die hande van die vors of koning gekonsentreer, terwyl die volk as sodanig vrywel geen seggenskap in die beslissing van sake gehad het nie. Sommige van die Europese vorste — o.a. die konings van Frankryk en Spanje — wou van hul politieke mag ook gebruik maak om die Protestantisme teen te gaan. Dit moes noodwendig tot botsing lei met die mense wat die beginsels van die Hervorming toegedaan was.

Hierdie botsings het die politieke denke van die Calviniste taamlik diep beïnvloed en tot ’n ontwikkeling gevoer wat vir die vryheid van die mensdom van die grootste betekenis was. Dit was die Calvinisme wat een van die vernaamste bewegings geword het om aan die mag van die owerheid paal en perk te stel en om so die vryheid van die mens te verseker.

Calvyn het in sy geskrifte steeds klem daarop gelê dat ’n burger van ’n staat gehoorsaamheid aan die owerheid verskuldig was. Selfs indien die owerheid hulle hard behandel, moes die burgers dit aanvaar. Op hierdie beginsel het Calvyn egter ’n groot uitsondering gemaak. Wanneer gehoorsaamheid aan die wêreldlike owerheid die burgers van hul gehoorsaamheid aan God mag wegvoer, het hulle die reg gehad om die bevel van eersgenoemde te verontagsaam. In hierdie enkele uitsondering wat Calvyn gemaak het, lê die kiem van die Calvinistiese vryheidsgedagte. Ander skrywers is daardeur in staat gestel om te bepaal wat hierdie gedagte alles behels het. Dit

was wel nodig om hierdie beginsel sterk na vore te bring, omdat in Frankryk waar die Calvinisme heelwat aanhangers geniet het, die optrede van agtereenvolgende vorste sodanig was dat die Hugenote, soos die Calviniste genoem is, die vraag moes beantwoord of hulle gehoorsaamheid verskuldig was aan ’n owerheid wat hul uitwasing beoog het. Die Franse konings het hulle nl. op ondubbeltunnige wyse aan die kant van die Rooms-Katolieke Kerk geskaar en so stelling teen die Hugenote ingeneem. Uit hierdie feit het daar in die tweede helfte van die sestiende eeu ’n hele paar keer godsdiensoorloë gevolg. Een van die hoogtepunte in hierdie teenstelling is die bekende moord op die Hugenote met St. Bartolomeusnag op 24 Augustus 1572, toe ’n groot aantal Hugenote in Parys om die lewe gebring is.

Dit was hierdie gebeurtenis wat die Hugenote gedwing het om die vraag te stel wat hul presiese houding behoort te wees teenoor ’n owerheid wat tot so ’n peil van goddeloosheid gedaal het. Moes hulle op gedweë wyse voor die owerheid buig of het hulle die reg besit om hulle teen hom te verset? Hierdie vraag was die onderwerp van ondersoek deur ’n drietal manne. Die eerste was Francois Hotman wat reeds in 1573, d.w.s. ’n jaar na die moord, ’n boek gepubliseer het onder die titel *Franco-Gallia* waarin hy aan die hand van die geskiedenis geprobeer aantoon het dat by die Germane en die Kelte uit wie die Franse volk ontstaan het, dit die gewoonte was om die owerheid self aan te wys. Die owerheid of vors het dus slegs die mate van gesag besit wat die volk aan hom geskenk het. Daarom kon hy dan ook sy regte ontnem word, indien hy daarvan misbruik gemaak het. Die tweede was Beza, die man wat na die dood van Calvyn in 1564 in Genève as leier van die Calviniste opgetree het. In 1576 het daar van sy hand ’n werk verskyn onder die titel *De Jure Magistratum* (Aangaande die Reg van die Owerhede). Daarin het Beza tot die slotsom gekom dat die hoogste gesag in ’n staat in die hande van die vors of owerheid gestel is. Die vors was egter aan die goddelike wette gebonde en wanneer hy hulle oortree het, het die onderdane die reg gehad om hulle daarteen te verset. Die derde skrywer het van die skuilnaam Junius Brutus gebruik gemaak. Vandag word aangeneem dat die skrywer Du Plessis-Mornay was en dat hy in die skryf van sy boek bygestaan is deur Hubert Languet. Die naam van die boek was *Vindiciae Contra Tyrannos* (Verweer teen Tiranne). Ook dié skrywer het na ’n breedvoerige studie tot die gevolgtrekking gekom dat ’n vors of owerheid wat die goddelike wette oortree, weerstaan moet word. Oor so ’n vors of owerheid het Du Plessis-Mornay die volgende oordeel gevel: „Ons het hier dus nie

te doen met 'n vors wat nie heeltemal goed is nie, maar met een wat deur en deur sleg is; nie met een by wie dit aan wysheid skort nie, maar een wat volleerd is in die boosheid; nie met een wat die reg nie ken nie, maar met 'n verraaier van die reg; nie met een wat in militêre opsig tekort skiet nie, maar met 'n verraaier en verwoester van die vaderland".

Van Calvyn tot Du Plessis-Mornay loop daar dus 'n opgaande lyn. In die Calvinistiese beginsel dat 'n goddelose owerheid weerstaan moet word, wortel die hedendaagse demokrasie. So het 'n bekende Skotse geleerde, sir Ernest Barker, geskryf: „There is a series of writings in the seven years that followed St. Bartholomew's Day, 1572—1579, which should never be forgotten by any one who confess the cause of liberty, civil and religious". Die Amerikaanse historikus Bancroft het weer getuig: „The fanatic for Calvinism was a fanatic for liberty for in the moral warfare for freedom, his creed was a part of his army and his most faithful ally in the battle".

Die tweede gebeurtenis wat hier bespreek moet word, is die opstand van die Nederlandse volk teen die gesag van die Spaanse koning Filips II. Sy bestuur van die Nederlande is deur twee besondere feite gekenmerk. Ten eerste het hy drukkende laste op die volk gelê deur swaar belastings te hef. Daarby het hy begin om 'n aanslag te doen op die mate van vryheid wat die Nederlandse volk indertyd reeds besit het. Hierdie bestuursmaatreëls het groot ontevredenheid verwek. Ten tweede het Filips II gemeen om ook as die kampvegter van die belange van die Rooms-Katolieke Kerk in Nederland op te tree. Die Calvinisme het omstreeks 1550 ook sy verskyning in Nederland gemaak. Dit is daarheen gebring deur mense wat in die teologie by Calvyn gaan studeer het. Hoewel hulle 'n minderheid was, het die Calviniste hulle onderskei deur 'n besonder aktiewe optrede. Daardeur het die Rooms-Katolieke Kerk hom in sy bevoorregte posisie bedreig gevoel. Die owerheid wat hierdie kerk goedgesind was, het tot die vervolging van die Calviniste oorgegaan. Dit was hierdie vervolging wat vir die Nederlandse volk sy groot vryheidsheid besorg het. Dit was prins Willem van Oranje. Reeds op 31 Desember 1564 het hy op 'n byeenkoms van die Raad van State gewaarsku teen die geloofsvervolging wat in Nederland teen die Calviniste aan die gang was.

Sake het steeds nader na 'n krisis begin beweeg. 'n Nuwe hoogtepunt is bereik met 'n optog van edeles in 1566 in Brussel wat ten doel gehad het om aan die owerheid 'n versoekskrif met piewe voor te lê. By hierdie geleentheid is daar na die aanbieders van die versoekskrif spottend in Frans as „gueux" (bedelaars) verwys. Dit is daarop

dem die aanbieders as ereaam aanvaar. Dit is met verloop van tyd vernederlands tot „Geuzen" 'n naam wat selfs vandag nog onder baie Afrikaners bekend is, omdat hulle in die Geuse ook die grondboere van hul eie volk sien.

Die antwoord van koning Filips II op die versoekskrif was om 'n leër onder die bevel van die Hertog van Alva na Nederland te stuur met die opdrag om die gees van verzet te gaan onderdruk. Alva het 'n leë gewing na die letter uitgevoer. Onder sy skrikbewind is daar al van slagoffers vir die vryheid van die Nederlandse volk gemaak. Hierdie beleid van Alva het prins Willem laat besluit dat alleen nog met wapengeweld die vryheid van Nederland gehandhaaf sou kon word. So het die bekende Tagtigjarige Oorlog wat eers in 1648 beëindig is, begin. Twee strome het in hierdie stryd saamgevloei „die eenze sake zijn toegedaan ofte deur liefde van de vrijheid ofte van de religie". Die naam vir eersgenoemdes was „libertyne", vir laasgenoemdes „Gereformeerdes".

Albei groepe was dit met mekaar eens dat Nederland vry van vreemde gesag moes wees. Na buite kon hulle dus saamstaan en die stryd teen Spanje voortsit. Na binne was daar egter soms verskille en wel omdat hul beginsels nie steeds dieselfde was nie. By die libertyne het die klem op die staat geval, by die Gereformeerdes op die kerk. Die libertyn het die kerk as ondergeskik aan die staat gesien; die Gereformeerde het die staat as die beskermer van die kerk gesien. Dit blyk wel die duidelikste uit die bekende artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat een van die belydenisskrifte van die Calvinistiese kerk geword het. Vir die libertyn was die burgerlike vryheid van belang. By die Gereformeerde wat so lank 'n minderheid was, het dit weer om geloofsvryheid gegaan. Vryheid was dus op die banier van sowel libertyn as Gereformeerde geskryf. Saam was hulle verantwoordelik vir die snelle opkoms van die Nederlandse staat in die sestende en sewentiende eeue.

Sowel libertyn as Gereformeerde het prins Willem I se politieke leiding gevolg. Hy was nie alleen die siel van die Nederlandse vryheidsstryd nie, maar hy het ook sekere eienskappe geopenbaar wat hom een van die vernaamste skeppers van die demokratiese gedagte gemaak het. Vir hom was gewetensvryheid 'n vername politieke beginsel. Hy was verdraagsaam van aard en het van die standpunt uitgegaan dat die staat hom nie met die godsdien van sy burgers moet inlaat nie. So het hy reeds in 1574, d.w.s. heel aan die begin van die Tagtigjarige Oorlog, oor die godsdien laat verordeneer dat „zonder dat zijne Excellentie sal toelaten dat men op yemants ge-

looff ofte conscientie sal inquireren, ofte dat yemant ter cause van dien eenighe moeyenisse, injurie ofte letsel aengedoen sal worden”.

Gewetensvryheid het daarom een van die vernaamste beginsels van die Nederlandse staat geword in 'n tydskip toe daar in ander lande van Europa nog nie die minste sprake van so iets was nie.

Dit het vir die Nederlanders op die duur duidelik geword dat dit onmoontlik was om met Filips II oor die erkenning van hul vryhede tot 'n vergelyk te kom. Hy het van hulle slegs onvoorwaardelike onderwerping aan sy gesag geëis en daartoe was hulle nie bereid nie. Die knoop sou dus deurgehaak moes word. Dit het op 22 Julie 1581 geskied toe die State-Generaal in 'n dokument wat as die „placaet van verlatinghe” bekend staan, Filips II van sy waardigheid vervalde verklaar en alle gehoorsaamheid aan hom opgesê het. Die redes vir hierdie stap is gevind in die geskrifte van die hierbo genoemde Franse skrywers. Prins Willem I het met die Hugenote noue voeling gehandhaaf en so het hy ook met hul geskrifte in aanraking gekom. Dit het op hom groot invloed uitgeoefen.

Die „placaet van verlatinghe” het tot die stigting van die Nederlandse republiek gelei. Ofskoon hierdie republiek tot sy verdwyning in 1795 nooit 'n demokrasie in die ware sin van die woord was nie, maar wel 'n aristokrasie waarin die politieke mag in die hande van slegs 'n betreklik klein deel van die bevolking gekonsentreer was, het daar in die Nederlandse staat nogtans dié mate van vryheid geheers wat nie elders in Europa aangetref is nie. Dit het van die republiek waarlik 'n liggende voorbeeld in die geskiedenis van Europa gemaak.

Wanneer daar oor die Nederlandse republiek uitgewei word, moet steeds in gedagte gehou word dat die demokrasie destyds nog maar in sy kinderskoene gestaan het. Nietemin was die mate van vryheid wat in Nederland geheers het, van so 'n aard dat dit later een van die vernaamste stukragte geword het van die jong volk wat op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het. Van Nederland het die Afrikaner sy republikeinse tradisie en sy liefde vir vryheid geërf. Twee soorte vryheid is destyds reeds in Nederland aangetref.

Die eerste was vryheid van spraak. Die Nederlandse historikus Robert Fruin het daarvan getuig: „Dien politiek recht was er dat de natie steeds op prijs heeft gesteld en dat haar dan ook steeds is gelaten: het recht van vrij te spreken, van ronduit en openlijk over al wat gedaan wordt en te doen valt zijn oordeel te zeggen. Vreemdelingen merken die vrijheid van spreken als een eigenaardigheid der Hollandersche zeden op. De Franche gezant de Buzanval gewaapt

et herhaaldelijk van, op een wijs die doet zien hoe vreemd die hem voorkwam”.

Die tweede was geloofsvryheid. Die mate van vryheid wat vandag in elke demokratische staat aangetref word, het in die sestiede en sewentiende eeue wel nog nêrens bestaan nie, maar nogtans was die Nederlandse republiek die ander state ook op hierdie gebied vooruit. Die geloofsvryheid wat daar in die Nederlandse republiek bestaan het, was die werk van die libertyne en Gereformeerdes gesamentlik.

Inderdaad kan beweer word dat ten opsigte van vryheid vir die individu die Nederlandse republiek al die ander Europese state ver vooruit was. Mense wat na vryheid verlang het — o.a. die bekende Franse filosoof Renè Descartes en die net so bekende Britse filosoof John Locke — het na Nederland gegaan om daar dié mate van vryheid van spraak te geniet wat hulle in hul eie land ontsê was.

2

Dit was die mate van vryheid wat Jan van Riebeeck met hom meegeneem het, toe hy na die suidpunt van Afrika vertrek het om daar 'n verversingstasie te begin in verband met die vaart van Nederlandse skepe op Oos-Indië. Hy en die manne wat hom vergesel het, was burgers van die Nederlandse republiek en hoewel hulle in diens van die Oos-Indiese Kompanjie was, was die hoogste gesag oor hulle tog die State-Generaal, die soewereine liggaam van die Republiek. As onderdane van die State-Generaal kon alle Nederlanders wat hulle aan die Kaap gevestig het, dus aanspraak maak op die regte en vryhede wat hulle as burgers in hul land van herkoms geniet het. Dwaarsdeur die Nederlandse bewind aan die Kaap is dan ook steeds deur die vryburgers 'n beroep op hierdie regte en vryhede gedoen wanneer hulle dit nodig geag het.

Politieke aksies op Suid-Afrikaanse bodem gedurende die eerste een van die bestaan van die volksplanting sou steeds 'n ekonomiese basis hê. Die ontevredenheid wat van tyd tot tyd onder die vryburgers ontstaan het, het nie voortgespruit uit die feit dat hulle van die bestuursmag uitgesluit was nie, maar wel uit die feit dat die Kompanjie en sy amptenare hulle op die terrein van die ekonomie sleg behandel het. Die Kompanjie het die volksplanting as 'n soort winsgewes beskou en wou die vryburgers daarom ten opsigte van ekonomiese bedrywighede aan bande lê. Daarteen het hulle dan tekkemale bewaart gemaak.

Voordat daar tot 'n beskrywing van die eerste politieke botsings oorgegaan kan word, sal dit egter eers nodig wees om die een en ander te sê oor die manier waarop die Kaapse volksplanting bestuur is. Aan die hoof van die bestuur het gestaan die goewerneur wat deur die Kompanjie benoem is. Hy is in sy taak bygestaan deur 'n aantal amptenare. Van die vernaamste van hulle het saam met die goewerneur die Politieke Raad uitgemaak. Dit was 'n liggaam wat sowel wetgewende as uitvoerende magte gehad het. Geen vryburger het in die Politieke Raad gedien nie. Wel is daar van die tyd van Van Riebeeck af van die leidende burgers tot sogenaamde burgerrade benoem. Hulle het as skakel tussen die Politieke Raad en die vryburgers gedien. Enige versoeke of vertoë wat tot die Politieke Raad gedoen moes word, is deur die burgerrade gedoen. Net so het die Politieke Raad ook eers die burgerrade genader wanneer 'n saak aan die vryburgers voorgelê moes word.

Die hoogste regsprekende gesag in die volksplanting was die Raad van Justisie wat uit 'n aantal amptenare bestaan het. Wanneer daar egter sake verhoor moes word waarby die vryburgers belang gehad het, het ook die burgerrade sitting daarop geneem.

Namate die volksplanting uitgebrei is, het dit ook nodig geword om 'n aantal distrikte te skep. Aan die hoof van so 'n distrik het 'n landdros gestaan. Terselfdertyd het hy ook reg in siviele sake gespreek. Hy is in sy taak bygestaan deur 'n aantal heemrade. Hulle was inwoners van die distrik en is deur die Politieke Raad in hul poste benoem.

Naas die burgerlike moet ook die militêre organisasie van die volksplanting genoem word. Aanvanklik was soldate vir die verdediging van die volksplanting verantwoordelik sowel teen 'n buitelandse as 'n binnelandse vyand. Dit was egter die standpunt van die Kompanjie dat die vryburgers ook 'n aandeel in die verdedigingstelsel moes hê. Hulle is daarom van tyd tot tyd opgeroep om 'n paar dae lank sekere mate van militêre opleiding te geniet. Uit die stryd wat daar aanvanklik teen die Hottentotte en Boesmans gevoer moes word, het daar allengs 'n militêre stelsel voortgekom wat eie aan die Afrikaner was. Dit is die kommando. Aan die hoof daarvan het 'n kommandant gestaan wat onder hom 'n paar offisiere gehad het wat die benaming „veldkornet” gekry het.

Dit is teen hierdie burgerlike en militêre agtergrond dat die politieke optrede van die vryburgers tot die einde van die agtiende eeu gesien moet word.

'n Eerste gebeurtenis wat as politieke aksie bestempel kan word, is 'n versoekskrif wat die twee burgerrade Steven Jansen en Hendrik

Boom op 23 Desember 1658 „met behoorlijke reverentie” namens die vryburgers aan Van Riebeeck oorhandig het. Dit het 'n uiteensetting bevat van al die ekonomiese griewe wat hulle gehad het. Van veel meer betekenis as hierdie griewe was eintlik die gees wat uit die versoekskrif gestraal het. Dit was dié van vrye Nederlandse burgers wat nie bereid was om te duld dat die owerheid met hulle sou maak soos hy wou nie. Tensy hulle 'n beter prys vir hul graan sou ontvang, „so sijnen wij van sin niet een voet landt meer om te bouwen”. Belofte van 'n beter prys moes skriftelik wees, „want wij worden gepajjt aen alle canten met schoone woorden ende geen daet”. Hulle wou 'n hoër prys vir hul graan hê, „want wij gheen Compagnie's slaven willen wesen”. In stede van dat hulle gehelp word, „soo worden wij onderdruckt”. Deur die optrede van die Hottentotte het hulle groot skade gely, „daer de Compagnie geen noodt of hebben, want wij de beschermers van ons landt sijn”, d.w.s. hul koringlande.

Hierdie eerste politieke botsing op Suid-Afrikaanse bodem kon gelukkig in der minne geskik word. Van Riebeeck wat 'n taktvolle man was, het breedvoerig op die klagtes in die versoekskrif ingegaan en daarna 'n kort toespraak gehou waarin hy beloop het om vir die manne 'n goeie woord by die Kompanjie te doen. Hy het afgesluit met die vermaning: „Laet maer de ploegh wacker sijn gangh gaan ende de dorsvloer niet vercouwen” (koud word nie). Daarop het „yeder welgemoet naar huys” gegaan.

Van veel meer betekenis was die stryd wat aan die begin van die agtiende eeu tussen goewerneur Wilhem Adriaan van der Stel en die vryburgers ontbrand het. Andermaal het die botsing 'n ekonomiese oorsaak gehad. Indertyd was die gevaar reeds daar dat die opbrengs van wyn en graan veel meer sou wees as wat die klein bevolking self sou kon verteer. Die gevolg was dat die boere al hoe meer aangewese geraak het op die verbyvarende skepe vir die verkoop van hul produkte.

Van der Stel en van die ander amptenare het ook plase besit. Hy was 'n man wat, soos uit sy handeling blyk, ongetwyfeld liefde vir die bodem gehad het, maar net so vas staan dit dat dit nie die enigste rede met sy aanleg van 'n boerdery was nie. Die sug na aardse rykdom was by hom besonder sterk ontwikkel. Van der Stel en sy kollegas wat hulle nie in Suid-Afrika wou vestig nie, wou deur middel van die boerdery soveel geld maak dat hulle as ryk manne na Nederland kon terugkeer. So het by hulle die gedagte ontstaan om al die vleis, graan en wyn wat die Kompanjie nodig gehad het, self te lewer met die volkome uitsluiting van die vryburgers. In 'n vertroulike onderonsie het die sekunde, Samuel Ebevier, in 1705 teenoor Van

der Stel die verwagting uitgespreek dat „er over drie of vier jaar geene vrijburgers meer aan de Kaap vinnoden waren; en dat er voor hen (die amptenare) kans was om met hun viere of vijven de Maatschappij en de Kaap van alles te voorzien”.

Dit was hierdie vooruitsig wat 'n paar vryburgers laat besluit het dat daar handelend opgetree moes word ten einde te verhinder dat die hele bevolking ekonomies te gronde sou gaan. Die stap wat hulle oorweeg het, was om die optrede van Van der Stel en sy amptenare onder die aandag te bring van die Kompanjie in Amsterdam en van die Raad van Indië in Batavia. Die twee manne wat die leiding geneem het, was Henning Huising en Adam Tas. Hulle het 'n brief aan die Raad van Indië geskryf waarin oor die bestuur van Van der Stel gekla is. Die Raad het dit vanselfsprekend nodig geag om Van der Stel van die aanklagte teen hom in kennis te stel en te verneem wat hy ter verdediging van homself kon inbring. Die brief uit Batavia het Van der Stel bereik met die retoervloot wat in Februarie 1706 in Tafelbaai aangekom het.

Intussen het Huising en Tas ook nie stilgesit nie. Hulle het nl. 'n lang aanklag teen Van der Stel opgestel om deur die vryburgers onderteken te word. Dit sou dan met die retoervloot na Nederland gestuur word om voor die direkteure van die Kompanjie, Here XVII gelê te word. In die klagskrif is 'n lang uiteensetting gegee van die manier waarop die vryburgers deur Van der Stel verdruk is. Afgesien nou van die klage was die dokument ook in 'n ander opsig belangrik, want dit was 'n mooi openbaring van die politieke denke van die vryburgers aan die begin van die agtiende eeu. Daarom is die inleidende paragraaf al van soveel betekenis. Daarin verklaar die 63 ondertekenaars dat hulle „door hoogen nood geperts” was om hul „rechtveerdige klachten” onder die aandag van Here XVII te bring, omdat „wij . . . door een onrechtvaardige en trotse overheersing” van Van der Stel „niet alleen zeer hart gedrukt, maar erger als slaven gehandelt worden; en gemerkt dat wij vrijgeboorne menschen, en onderzaten van haar Hoog Mogende (die State-Generaal) zijn, zo is 't licht te bezeffen dat deze ongehoorde onderdrukking onze smarte moet verdubbelen”.

Deur middel van die brief wat hy van die Raad van Indië ontvang het, het Van der Stel nou ontdek dat daar manne is wat hom uit sy betrekking ontslaan wou kry. Hy het 'n vermoede gehad dat Tas die siel van die beweging was en daarom het hy hom laat arresteer en in die gevangenis aangehou. In die besit van Tas is nog 'n afskrif van die klagskrif gevind. Die oorspronklike was epter reeds veilig in die hande van sekere dr. Abraham Bogaerts wat op die retoer-

loot was, en wat die vryburgers goedgesind was. Van der Stel het toe laat om vier van die manne wat hy laat vang het, Henning Huising, Leoband Appel, Pieter van der Byl en Jan van Meerland met die retoervloot na Nederland te stuur. Hulle kon so die oorspronklike brief van dr. Bogaerts kry.

Onderwyl die skepe na Nederland op weg was, het Van der Stel ontlik van kwaad tot erger gegaan. Hy wou alle weerstand teen hom vernietig en het daarom 'n aantal manne laat vang. Hy sou dit ongetwyfeld met nog meer gedoen het, maar hulle het hulle uit die voete gemaak. Die gevolg van dit alles was dat die volksplanting in die res van die jaar 1706 in 'n soort staat van beleg verkeer het. Die toestand het selfs so erg geword dat in September van daardie jaar 'n aantal vryburgers van Stellenbosch openlik die landdros Staroburg uitgetart het. Hy het dit nie gewaag om teen hulle op te treden.

Intussen het ook die retoervloot met die vier vryburgers in Nederland aangekom. Hulle kon daarop die klagskrif voor die Kompanjie bring. Hierdie liggaam het, nadat daar deeglik op die saak ingegaan was, op 26 Oktober die gewigtige besluit geneem dat Van der Stel en 'n paar van die vernaamste amptenare uit hul poste ontslaan sou word en na Nederland moes terugkeer. Die brief waarin hierdie besluit vervat was, het op 16 April 1707 in Kaapstad aangekom.

Die vryburgers het derhalwe 'n volledige oorwinning behaal oor die manne wat hulle ekonomies wou onderdruk. Vir die jong wordende Afrikaanse volk was dit 'n betekenisvolle feit. Daar het uit die oorwinning dan ook inderdaad belangrike gevolge voortgevloei. 'n Eerste gevolg wat genoem kan word, is dat die stryd ongetwyfeld 'n einde van samehorigheid onder die vryburgers geskep het. Hierdie einde het ook die Franse Hugenote wat in 1688 na die Kaap verhuis het omvat. Tot die ontbranding van die stryd tussen Van der Stel en die vryburgers was daar tussen die Nederlanders en die Franse nie veel omgang nie. Die toestand het egter onmiddellik verander omdat so baie van die Hugenote getoon het dat hulle dit met die Nederlanders in alle opsigte eens was. Die stryd teen Van der Stel het die verlamming van die Hugenote in die wordende Afrikaanse volk soveel makliker gemaak.

Die tweede gevolg wat uit die stryd teen Van der Stel voortgevloei het, is selfs nog belangriker as die eerste. Die oorwinning van die vryburgers behaal het, het verseker dat daar 'n Afrikaanse volk sou ontstaan. Die ekonomiese bedreiging wat Van der Stel en sy amptenare vir die vryburgers was, kon maklik tot gevolg gehad het dat hulle ten gronde sou gaan, want eersgenoemdes was in staat

om die mark in so 'n mate te monopoliseer dat dit sou beteken het of die einde van die volksplanting of 'n volksplanting wat nog meer gekwyn het, sodat daar nie 'n nuwe volk kon ontstaan nie. Inderdaad moet beweer word dat die geskiedenis van Suid-Afrika 'n totaal ander verloop sou gehad het, indien dit nie vir die optrede van Tas en Huising en hul ondersteuners was nie. Die oorwinning wat hulle aan die begin van die agtiende eeu oor Wilhem Adriaan van der Stel behaal het, het gehelp om te verseker dat daar 'n nuwe volk aan die suidpunt van Afrika sou ontstaan. Dit is om hierdie rede dat die stryd wat hierdie manne gevoer het, vandag selfs van nog soveel betekenis is. Wat die wording en die voortbestaan van die Afrikaanse volk betref, staan die stryd van die vryburgers op gelyke peil met die Groot Trek en die Eerste Vryheidsoorlog.

3

Na die storm wat as gevolg van die optrede van Van der Stel ontstaan het, het die lewe aan die Kaap jare lank heeltemal rustig en kalm verloop. Eers in die sewentigerjare van die agtiende eeu het die Afrikaners dit weer nodig gevind om politiek aktief te word. Andermaal was dit die ekonomiese toestand wat hulle daartoe gedwing het. Hierdie keer was daar egter ook 'n politieke faktor aan verbonde.

Hierdie faktor het verband gehou met die opkoms van die demokratiese gedagte in Europa en elders. Die agtiende eeu word gekenmerk deur 'n nuwe opbloeï van die politieke denke onder die volke van Europa. In sekere lande het die vors nog op net so 'n absolute wyse geregeer as in die sestiende eeu. In ander — o.a. Nederland en Brittanje — was dit die aristokrasie wat hoofsaaklik die politieke mag uitgeoefen het. In die agtiende eeu het daar manne opgestaan wat in hul geskrifte die beginsel gepropageer het dat ook die *volk* as sodanig in die bestuur van die staat geken behoort te word. Hierdie gedagte het hom betreklik spoedig ook in Nederland geopenbaar. Daar het die voorstanders van 'n meer demokratiese bestuursvorm weldra as die „Patriotte” bekend gestaan.

Die politieke optrede van die Patriotte in Nederland sou aan die Kaap ook bekend raak. Daar het dit in die hart van meer as een vryburger weerklank gevind, want die bestuur van die Kompanjie was reeds sodanig dat dit die ekonomiese vooruitgang van die volksplanting baie duidelik aan bande gelê het. Daarby het daar ook 'n behoefte ontstaan dat die vryburgers in die bestuur van die volksplanting geken moes word.

Die Kaapse Patriotte, soos hulle weldra genoem is, het besluit om 'n afvaardiging na Nederland te stuur ten einde hul griewe en sake direk aan Here XVII voor te lê. Jacobus van Reenen, Barend Jacob Artoys, Tieleman Roos en Nicolaas Godfried Heyns is daarop aangewys as „gesamentlike Representanten van den geheelen Burgerstaat aan Cabo de Goede Hoop ende de ressorte van dien”. Op 9 Oktober 1779 het hulle 'n lang memorandum by die Kompanjie oor die omstandighede aan die Kaap ingedien. Dit het uit drie dele bestaan. In die eerste is 'n skets van die kulturele en ekonomiese omstandighede van die volksplanting gegee. Die tweede het die klagtes en griewe van die vryburgers teen die optrede van sommige van die amptenare bevat. In die derde deel is 'n reeks voorstelle gedoen ter verbetering van die politieke en ekonomiese omstandighede van die volksplanting.

Here XVII het dit beter geag om die memorandum eers na die Kaap te stuur, sodat die bewindhebbers daar kon antwoord op die klagtes en voorstelle. Op hierdie wyse het daar heelwat tyd verloop voordat daar enige vordering gemaak kon word. Dit het veroorsaak dat in 1782 verdere verhoë tot die Kompanjie gerig is. Eindelik op 3 Desember 1783 het Here XVII op albei memorandums geantwoord. Omtrent al die versoeke van die vryburgers is van die hand gewys.

Hierdie weiering het die Patriotte slegs des te vasberadener gemaak om hul doel te bereik. Hulle het nou besluit om 'n beroep te doen op die State-Generaal te doen. Op 13 Februarie 1785 is besluit om 'n tweede afvaardiging bestaande uit M. A. Bergh, J. Roos, J. H. Pedeinghuys en J. A. Bresler na Nederland te stuur. Hulle sou optree as „'s Volks Representanten” om „te verkrygen altoos duurzame verzekering van onze vrijheid en geoorloofden wettigen handel, meereynen en handteeringen, mitsgaders ene rechtvaardige administratie van Justitie, naar recht reden en billijkheid”. In 'n stuk wat aan die State-Generaal voorgelê is, is sterk gekla oor die wyse waarop die vryburgers deur die Kompanjie en sy amptenare behandel is. Dit stuit die mense teen die bors om so behandel te word, omdat hulle afstam van voorouers wat „hier te Landen (Nederland) het soete van de vrijheid hebbende gesmaakt, zij derwaards hebben begeeven in het gerust vertrouwen dat zij en hunne nakomelingen aldaar het zelve voorrecht zouden genieten . . .” Verhoë tot die Kompanjie het niks opgelewer nie en daarom word daar nou 'n beroep op die State-Generaal gedoen.

Die Nederlandse republiek het in hierdie stadium sy einde snel genader. Dit het veroorsaak dat die State-Generaal met 'n menigte sake belas was wat opgelos moes word. Daarom het hy nie kans

gesien om ook nog te luister na wat die inwoners van die Kaap die Goeie Hoop oor die optrede van die Kompanjie te sê gehad het nie. Daarom het ook die tweede afvaardiging niks bereik nie.

Ook die dae van die Kompanjie was reeds getel. Hierdie handelsonderneming het reeds diep in die skuld gesit en in 'n poging om nog te red wat gered kon word, is daar op die Kaapse vryburgers nog meer laste gelê as wat hulle lief was. Die nuwe goewerneur, Cornelis Jacob van de Graaff, wat in 1786 na die Kaap gegaan en wat daar tot 1791 sou bly, het die voorbeeld gestel ten opsigte van 'n weelderige en swierige lewe. Wie maar enigszins kon, het geprobeer om op net so 'n hoë voet te leef. So kon dit eenvoudig nie aanhou nie en na 'n paar jaar het die seepbel gebars. Die Kompanjie het twee kommissarisse-generaal, Nederburgh en Frykenius, gestuur om die nodige stappe te doen om aan die Kaap allerlei veranderings aan te bring, wat tot 'n verminderde uitgawe en 'n verhoogde inkomste kon lei. Hulle het in 1792 in die Kaap aangekom en tot 1793 hier gebly.

Wat die manne gedoen het om hul opdrag uit te voer, is nie van soveel betekenis dat daarby stilgestaan hoef te word nie. Van veel meer betekenis is die stryd wat hulle teen sekere eise van die vryburgers moes voer. Die vernaamste van hierdie eise was ongetwyfeld die versoek dat die burgerrade erken moes word as die verteenwoordigers van die vryburgers. Vertoë van die burgerrade moes aanvaar word as die sienswyse van die vryburgers. Nederburgh en Frykenius het aanvanklik weinig daarvoor gevoel om aan die eise te voldoen, maar nadat hulle deur navorsing ontdek het dat dit reeds die bedoeling van Van Riebeeck was dat die burgerrade as die spreekbuis van die vryburgers moes optree, is daaraan voldoen. Vir die vryburgers was dit 'n belangrike oorwinning, want nou het hulle erkende voorsprake gehad om hul standpunte ten opsigte van allerlei sake te verduidelik.

Toe Nederburgh en Frykenius in 1793 vertrek het, was reeds die kiem vir nuwe moeilikhede gelê. Hierdie keer het dit gegaan om wat in die distrik Graaff-Reinet gebeur het. Die inwoners van hierdie distrik was grensboere en het daarom na die Kompanjie opgesien om hulle die nodige beskerming teen die Xhosas en die Boesmans te verleen. Daartoe was die Kompanjie nie in staat nie. Die lede van die Politieke Raad het die landdros, H. C. D. Maynier, selfs opdrag gegee om 'n paaibeleid teenoor die Xhosas te volg. Hierdie beleid was die gevolg dat daar in die Tweede Grensoorlog van 1793 absoluut niks bereik kon word nie. Daar is vrede gesluit sonder dat die Xhosas vir hul strooptogte gestraf is.

In 'n Sielende ontevredenheid het hom van die burgers van Graaff-Reinet meester gemaak. Hul bitterheid was veral gerig teen Maynier en hulle beskou het as die oorsaak van al hul moeilikhede te wees. Op 6 Februarie 1795 het 'n groep manne, van wie Adriaan van Jaarsveld die vernaamste was, hul verskyning in Graaff-Reinet gemaak om Maynier summier uit sy betrekking ontslaan. Hy is daarop na Kaapstad waar hy aan kommissaris Sluysken relaas gedoen het van die ervarings in Graaff-Reinet. Laasgenoemde het daarop O. G. de Wet, lid van die Raad van Justisie, daarheen gestuur om te sien wat hy aan die saak kon doen. Met sy aankoms in Graaff-Reinet het hy deur 'n paar manne ontmoet met die versoek „hun te willen permitteeren om de volkstem te moogen zijn ten einde in die qualiteit de volks bezwaaren en verzoeken . . . voor te dragen”. De Wet het egter geweier om dit te doen. Dit het hom die vyandskap van die Graaff-Reinetters op die hals gehaal. Op 16 Junie het die bom gebars. Twaentig 200 gewapende manne het hul verskyning gemaak. Van Jaarsveld het die landdroskantoor binnegegaan en aan De Wet gesê: „De volkstem zegt jou dat jij buiten moet komen”. Hy is daarop beveel om Graaff-Reinet onmiddellik te verlaat. In 'n geskrif het hulle vermeld dat De Wet nie hul belange wou behartig nie, „zo beweeg ons niet anders als 't laatste druppel bloed te presenteren voor onze Vrijheid, want wij de Compagnie bedankt hebben, om onder onze Republiecq willen sorteeren . . .” Daarmee is geensins bedoel dat hulle hul eie republiek wou stig nie, maar dit was slegs 'n aansluiting dat hulle graag onder die direkte gesag van die Nederlandse republiek wou staan.

Twee dae nadat De Wet so sonder enige pligplegings uit Graaff-Reinet gestuur was, het ook die burgers van Swellendam tot opstand oorgegaan. Ook hulle was moeg van die wanbestuur van die Kompanjie. By hulle het die ekonomiese faktor egter die deurslag gegee. Hulle het tot die stigting van 'n „Nationale Vergadering” oorgegaan.

Onderwyl die burgers van Graaff-Reinet en Swellendam so in volle opstand teen die bewind van die Oos-Indiese Kompanjie verkeer het, het 'n Britse vlooteskader op 11 Junie 1795 sy verskyning in Valkebaai gemaak. Die aanvoerders, adm. Elphinstone en genl. Craig, het saam met hulle 'n brief van die Prins van Oranje gebring. Daarin is versoek dat die Kaap aan die Britte oorhandig moes word ten einde dit teen die Franse te beskerm. Die Kaapse bewindhebbers het egter nie daarvoor kans gesien nie en het stappe gedoen om die volkplanting teen 'n moontlike Britse aanval te verdedig. Die meerderheid van die Swellendamse burgers het ook opgedaag om met die verdediging van hul land te help. Hul kommandant Delfport

het in 'n brief aan die Britse bevelvoerders verklaar dat „wij niet van voornemens en benne om ons land in UWTed, hande over te geven, maar benne van voorneemens om tot den laatste man te wagen”. Met die oog op die gevaar van die kant van die Xhosas en die Boesmans kon die Graaff-Reinnetters dit nie waag om hul distrik te verlaat nie.

Op 16 September moes die Kaap kapituleer. Dit sou tot 1803 deur die Britte bestuur word. Die Swellendammers het hulle aan die nuwe bewind onderwerp. Die Graaff-Reinnetters sou dit egter eers in Augustus 1796 doen nadat dit vir hulle heeltemal duidelik was dat hulle hul op die duur nie staande kon hou nie.

Dit was nie die einde van die Graaff-Reinnetse verset nie. Twee maal het hulle teen die Britse gesag in opstand gekom, maar elke keer moes hulle weer kapituleer.

In 1803, nadat daar vrede in Europa gesluit was, het die Kaap andermaal in Nederlandse besit oorgegaan. Twee manne, J. A. de Mist en genl. J. W. Janssens, is gestuur om die Kaap oor te neem en die bestuur opnuut te organiseer. Hoewel die Britte in 1806 die Kaap vir die tweede maal verower het, kon hierdie twee manne in die kort tydperk van slegs drie jaar soveel verbeterings aanbring dat hulle tot van die vernaamste grondleggers van die politieke denke van die Afrikaanse volk gereken moet word. Hulle het al die veranderinge wat hulle aangebring het, in 'n reeks plakkate (wette) vasgelê en hiervan het die Voortrekkers later baie deeglik gebruik gemaak, sodat die invloed van De Mist en Janssens voortgeleef het.

Met die tweede koms van die Britte in 1806 het hulle ook hul vasbeslotenheid te kenne gegee dat die Kaap nie weer na Nederland sou terugkeer nie. Hulle het dan ook binne enkele jare begin met allerlei maatreëls om die kolonie en sy inwoners heeltemal te angliciseer. Die bestuursinstellings is almal na die Britse voorbeeld verander. Die Engelse taal alleen sou deur die owerheid gebesig word. Op skool sou die kinders slegs Engels leer en selfs vir die kerk is Skotse leraars ingevoer.

Teen al hierdie veranderings het daar van Afrikaanse kant wel verset gekom, maar veel uitwerking het dit nie gehad nie. Politiek was die Afrikaners nog geensins georganiseer. Die teenstand sou mettertyd verflou en daarmee het dit soms wel gelyk of die Britse owerheid sy doel sou bereik.

Hierdie verwagting sou nie verwesenlik word nie. Die saak wat die sterkste teenkanting van die Afrikaners uitgelok het, was ongetwyfeld die rassebeleid van die Britse owerheid. Die meeste is die gevolge daarvan nog deur die Afrikaners in die oostelike dele van die

kapitoloniese gevoel. Daar het die driehoek van Bantoe, Boer en Brit hom baie duidelik afgeteken. Die Britse beleid was om die Bantoe met allerlei sagte metodes te paai ten einde hul strooptogte te laat vaar. 'n Hooptepunt is hiermee in 1835 na die soveelste oorlog bereik. Dit was hierdie manier van optrede wat in 1836 en 1837 soveel standende Afrikaners laat besluit het dat daar vir hulle onder die Britse bestuur nie meer veiligheid was nie. Daarom het hulle besluit om te trek tot ten noorde van die Oranjerivier en om daar hul eie staat te stig. Dat hierdie staat dan 'n republikeinse bestuur sou hê, was vir hulle iets van selfsprekend. So was dit die Voortrekkers wat die republikeinse gedagte laat herlewe het.